

Dissipelskap avonture - DAAGLIKSE RITME

Sessie 3 van 10: Die muurprop ritme, Hoe ontmoet ek God daaglik?

I. Gebruik 'n paar minute om ten volle van God se teenwoordig bewus te word. Haal diep asem en nooi God uit om jou te ontmoet.



II. Lees die gebed 'n paar keer en laat dit oor jou spoel

III. Lees vandag se teks en oordenk met 'n bewusheid dat God Homself wil openbaar. Alhoewel net een teksvers beklemtoon word, is dit goed om die tekste rondom die vers ook te lees.

I. WORD STIL

II. RITME GEBED

Here, U is ons Drie-enige God - help my om U teenwoordigheid in my lewe te koester. Leer my om 'n interaktiewe verhouding met U te beleef.

III. LEES EN LUISTER

Dag 1: Matteus 4:1-11

Vers 2: "En nadat Hy veertig dae en veertig nagte gevas het, het Hy naderhand honger geword."

Jesus versterk homself deur die dissipline van vas. As Jesus die dissipline van vas beoefen het, word ons ook uitgenooi om te vas? Wat kan jy vas om ruimte vir God te maak?

Dag 2: Psalm 131

"o Here, my hart is nie hoog en my oë nie trots nie; ook wandel ek nie in dinge wat vir my te groot en te wonderbaar is nie. Waarlik, ek het my siel tot bedaring gebring en stilgemaak; soos 'n gespeende kind by sy moeder, soos 'n gespeende kind is my siel in my. Wag op die Here, o Israel, van nou af tot in ewigheid"

Hoe bedaar jy jou siel? Hoe kan jy stilword?

Dag 3: Psalm 1

Vers 1,2: "WELGELUKSALIG is die man wat nie wandel in die raad van die goddelose en nie staan op die weg van die sondaars en nie sit in die kring van die spotters nie; maar sy behae is in die wet van die Here, en hy oordink sy wet dag en nag."

Watter invloed het jou huidige vriendekringe op jou denke? Waarop mediteer jy die meeste?

OEFENING VAN DIE WEEK:

In hierdie week skeduleer ons 6 afsprake met die Here. Ons skryf dit in ons kalenders, net soos ons enige ander afspraak sal skeduleer. Gedurende hierdie afsprake werk ons deur die uitdeeltukke.

Dag 4: Markus 1:35

Vers 35: "En vroeg in die môre, nog diep in die nag, het Hy opgestaan en uitgegaan en na 'n eensame plek vertrek en daar gebid."

Jesus het 'n ritme gehad waarvolgens hy vroeg in die oggend opgestaan en uitgegaan het na 'n spesifieke plek. Hoe lyk jou ritme van afsondering? Het jy 'n spesifieke plan?

Dag 5: Handeling 4:31

Vers 31: "En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was, en hulle is almal vervul met die Heilige Gees en het die woord van God met vrymoedigheid gespreek."

Hoe vul jy jouself? Wat gee jou energie en krag? Hierdie vroeë volgelingen van Jesus is vervul toe hulle saam gebid het, hoe onotmoet jy God saam met ander mense?

Dag 6: Vandag word jy uitgenooi om die Gebed van Bewuswording te bid (dit is 'n aparte uitdeeltuk)

IV. Lees deur die volgende vrae en antwoord die 1/2 wat tans tot jou spreek. Dit mag nuttig wees om van jou gedagtes neer te skryf

V. Skryf enige praktiese idees of waarhede neer wat jy graag wil saamdra vir jou dag: Wat ervaar jy wil God vir jou sê? Maak die Heilige Gees jou bewus van iemand of om iets prakties te doen?

VI. Praat met God oor wat jy gedink en ervaar het in jul tyd saam. Luister ook na Sy hart en wat Hy wil sê

IV. DINK NA

Wat voel ek sê hierdie teks oor God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met God? Wat sê hierdie teks oor my verhouding met my naaste? Wat was my hoogtepunt en laagtepunt in die afgelope 24 uur? Wat bekommer my van die dag wat voorlê? Waarmee is God besig?

V. WOORD IN AKSIE

VI. GEBED VIR DIE DAG